


# Christelike Biblioteek

# ’n Juweel van ’n Stad



### *Na aanleiding van Openbaring 21:9-21*

Kerkmense is dikwels hulle eie grootste vyand en buitendien is die kerk nie in voeling met die tyd nie. Die tyd van instellings is verby, sê mense wat glo weet. Dit is vir mense moeilik om hulle werklik tot iets te verbind, om toegewyd te wees. In so ’n tyd is dit belangrik om nie moed te verloor met God se gemeente-opbouprojek in hierdie wêreld nie.


Soos ons ’n vorige keer gesien het: deur boontoe te kyk, word jy opgewonde oor dit wat hier onder gebeur. Deur met die bruidegom se oë na die bruid te kyk, sien jy hoe mooi sy is. Die Bybel gebruik die mooiste name om van die kerk te praat. Hoe klink hierdie naam vir jou: bruid van Christus? Die wêreldgeskiedenis is ’n liefdesverhaal. Wat skokkend is, is dat die bruid glad nie aantreklik is nie. Tussen mense is dit tog die normale gang van sake. Jy voel aangetrokke tot ’n meisie of ’n jongman, jy raak tot oor jou ore verlief. Maar God se liefde is nie ’n liefde wat deur die bruid opgewek word nie. God se liefde het slegs Homself as oorsprong. Hy raak nie aangetrokke tot die aantreklike meisie nie. Hy maak self die bruid mooi. As ek die kerk van bo af beskou, dan sien ek iets skitterends, God se pragprojek in hierdie stukkende wêreld.



Die apostel Johannes kyk met groot verwondering daarna. Hy raak in vervoering en sien ’n stad neerdaal van God af. Die nuwe Jerusalem lyk soos ’n bruid wat haar mooigemaak het vir haar aanstaande man en hom inwag. Die stad skitter met die heerlikheid van God. Dit skitter soos ’n edelsteen. God BOU ’n juweel van ’n stad. Dit is dus nie slegs ’n toekomsvisie nie; God is nóú daarmee besig. Laat jou meevoer deur Johannes se vervoering (Openbaring 21:3, 9-21, in besonder vers 14)!

Kyk boontoe: wat sien jy? Jy sien ’n stad neerdaal wat stewig staan, wat oopstaan en wat mooi is.

- ***Jy sien ’n stad wat stewig staan.*** Kyk maar, onder die hoë mure lê daar twaalf hoekstene. Die woord van die twaalf apostels van die lam is die basis. Hierdie fondament bestaan nie uit jou individueel gekose pakket van waarhede nie, maar uit Jesus Christus. Die kerk staan vir stewigheid (twaalf hoekstene) en staan dus nie oop vir dwalinge nie. Toegegee, kerkmense kan ’n mens teleurstel. Ons is *elkeen op ons eie ... Christene in opleiding.* En ons is *saam ... kerk tussen steierwerk.* Die kerk is in aanbou. Baie van wat mooi is, is nou nog agter steierwerk versteek. Maar as jy na die hoekstene kyk, dan word jy bly. In die kerk mag jy baie na aan Christus kom! Ons glo in ’n *Christelike* kerk.



- ***Jy sien ’n stad wat oopstaan***. Die wêreldstad staan na alle kante toe oop. Johannes sien twaalf poorte, elkeen ’n pêrel. Die twaalf poorte sê: die kerk staan nie slegs getrouheid aan Christus se woorde (die fondament) voor nie, maar ook oopheid teenoor alle mense. Die gemeente is nie ’n klub vir eendersgesindes of mense wat by mekaar aanklank vind nie. God se huis sonder oopheid teenoor alle mense is ’n kerk sonder pêrels. ’n Gemeente

wat dit nastreef deur eredienste te probeer opkikker met allerhande tierlantyntjies wek die indruk dat mense vir hul godsdienstige vermaak by die kerk kan aanklop. Dit gaan nie daaroor om die erediens op te kikker nie, maar om aktueel en oop te bly as ons kosbare roeping. ’n Kerk wat weier om aktueel te wees, keer sy rug op die hier en nou en sluit die poorte. Dan vergeet jy as bruid om jou pêrels te dra. Die skoonheid van die bruid het niks te make met die handhawing van bekende rituele waarmee diegene binne die kerk nog steeds heel tevrede is nie. Die skoonheid het wel te make met die mate waarin ons oopstaan na alle mense toe. Dit gaan nie daaroor dat ons mekaar ken nie, maar dat ons Christus ken. Vernuwing in die kerk wat daarop gerig is om aktueel en dus oop te bly, bring dikwels moeite en pyn mee. Maar dit gaan nie oor ’n stokperdjie van ’n paar geïnspireerde Christene wat brand om dinge te verander nie, dit gaan daaroor dat ons glo in ’n *algemene* kerk (universele kerk) en nie ’n gemeente waar dit duidelik is dat slegs die binnekring welkom is nie.



- ***Dan sien jy ’n stad wat mooi is.*** Want die muur wat Johannes voor hom sien, is baie hoog: ’n duidelike begrensing. Hoe glansend is die stad nie! Dit is van suiwer goud, so helder soos glas, en die muur is gemaak van jaspis. Die stad lyk soos ’n juweel. By elke poort staan daar ’n wag, ’n engel. Niks wat onrein is, mag in die stad inkom nie. Elkeen wat hom ophou met gruwelike dinge en leuens mag nie in die stad inkom nie. Ons glo in ’n *heilige* kerk.

Hieraan mag jy vashou en hierna mag jy bly uitsien, vandag, terwyl jy ’n lewende lid is van die bruid van Christus. Sy sál pragtig word vir haar Bruidegom!

## *Gebed*

Onse Vader,

Ons dank U daarvoor dat U die stad van u drome uit die hemel laat neerdaal. U is getrou, u planne loop nooit skeef nie. Ons dank U dat ons tuis mag wees in u huis. En ons bid U, gee dat u gemeente stewig sal bly staan op die twaalf hoekstene en die woonplek sal wees van u heiligheid en heerlikheid. En gee dat u gemeente sal oopstaan na alle kante toe.

Amen.

Gerrit Gunnink

© 2016
www.christelikemedia.org

*Hierdie artikel is vertaal deur Lize Kampman.*